**Skriflesing:** Romeine 10:5-17
**Tema:** Christus laat ons slaag by God.

Almal van ons het al die een of ander tyd ‘n rapport oor ons werk gekry. Die bekendste rapport, bly seker maar ‘n skoolrapport. ‘n Rapport doen verslag van die persentasie wat jy, met die ondersteuning van ander, bereik het. Daar is by verskillende mense verskillende reaksies wannneer hulle op hul rapport wag, so kan daar byvoorbeeld groot groot opgewondenheid of selfs vrees en bewing wees.

Soms bring ‘n rapport slegte nuus en jy kom nie deur nie, maar die meeste kere slaag jy. En daarvoor het jy gewoonlik ‘n paar mense op te bedank.

As jy vanoggend by God toets of eksamen moet skryf, hoe sal jou punte lyk? Hoe lyk jou rapport by God? Kom jy deur by Hom?
Probeer jy hard genoeg?
Lewe jy reg en gehoorsaam jy die wet?
Is jy gedoop?
Ons is die kerk, maar hoe betrokke is jy by die kerk?
Is jou dankoffer groot genoeg?
Hoe lyk jou punte by God?

Al is jou punt hoe goed, ons prestasies kan ons nie red nie.
God se slaagsyfer is 100%. Al het jy verskriklik baie ywer vir God, kan jy weens sonde nie Sy slaagsyfer haal nie. Christus het aan God se slaagsyfer voldoen. Hy het die wil van die Vader volmaak gehoorsaam. Deur in Christus te glo, word sy prestasies op jou rapport geskryf. Deur Hom, en deur Hom alleen, slaag ons by God.

Dit is Christus se prestasie op jou Goddelike rapport wat jou red. Ons lees meer daarvan in Efesiërs 2:8-10: “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”
Ons lees weer vers 10 uit die Boodskap vertaling: “[10]Onthou, God het ons gemaak wat ons nou is. Dit is Hy wat ons nuut gemaak het omdat ons Christus Jesus s’n is. Hy het dit gedoen sodat ons reg en goed kan leef soos Hy lankal besluit het ons moet leef.”

In die Skrifgedeelte leer ons Christus ken as Here wat nie onderskeid maak tussen mense nie. Hy wil dat almal slaag by God, sy Vader. En Hy is naby aan ons.

Ons lees in Romeine 10:11-13 en ook in vers 6-8:
“[11]Die Skrif sê tog: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.”
[12]“Niemand nie!” Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, [13]want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.”

“6Maar van die vryspraak deur die geloof sê hy: “Moenie by jouself sê: ‘Wie sal na die hemel
toe opklim?’ nie,” dit is, om Christus af te bring, 7“of: ‘Wie sal na die onderaardse diepte toe
afdaal?’ nie,” dit is, om Christus uit die dood terug te bring.
8Nee, die Skrif sê: “Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart.”

Ons hoef nie na die hemel op te klim om Christus en sy vryspraak daar te gaan soek en Hom na ons af te bring nie. Hy het reeds afgekom.
Ons hoef nie na die onderaardse diepte af te daal om Christus daar te gaan soek en uit die dood terug te bring nie. Hy het reeds opgestaan uit die dood. Hy is by almal van ons.

By die doop verseker hy vir almal van ons: “Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag” Ek het reeds alles vir jou gedoen. Die water dui op ons sondevuil wat Hy afwas en die Heilige Gees wat in ons nuwe lewe werk.

Dit is Christus se prestasie op jou Goddelike rapport wat jou en my met vlieënde vaandels laat slaag.

Wat moet ons doen?
Ons moet ophou om punte by die Here te probeer verwerf. Godsdiens gaan nie oor ‘n klomp voorskrifte nie. Die gaan oor ‘n verhouding. Om in ‘n dankbare lewende liefdesverhouding met Hom, mekaar en die wêreld te staan, is vir Hom genoeg.

Redding gaan nie oor die een of ander dramatiese ervaring of ‘n ontmoeting met ‘n beroemde geestelike leier nie.
Ons lees in Romeine 10:9-11 waaroor dit gaan: “9As jy met jou mond bely dat Jesus die Here
is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. 10Met die
hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. 11Die
Skrif sê tog: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.”

In ons hart, met ander woorde die kern van ons menswees, glo ons dat God Christus uit die dood opgewek het.

Met die mond bely ons dat Christus die Here, my Here en ook ons Here is.
Here beteken eienaar, besitter of heerser. Ek bely dat ek onder nuwe bestuur staan.
Met my mond is ek nie bang of skaam om my geloof te bely nie.

Maar ons doen nie net geloofsbelydenis in die veiligheid van die kerkgebou of huis nie. Ons getuig elke dag met ons woorde. Ons praat lewende woorde, wat mense rondom ons se lewens verander.
En ek beklemtoon dit weer - ons doen dit nie om punte te verdien by God nie. Ons doen dit om dankie te sê vir wat Christus reeds vir elke mens gedoen het. Hy het ons wat druipelinge was, met lof laat slaag by God.

Uit dankbaarheid kan ons nie anders as om te getuig nie. Wat die hart van vol is, loop die mond van oor. In Romeine 10:17 lees ons meer van die inhoud van ons getuienis:
“Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.”

Afsluiting
As jy vanoggend by God toets of eksamen moet skryf, hoe sal jou punte lyk? Hoe lyk jou rapport by God? Kom jy deur by Hom?

Verseker kom ons – in Jesus Christus - met vlieënde vaandels deur!. Met my hart glo ek dat God die Here uit die dood opgewek het en met my mond bely ek dat Jesus die Here, die Eienaar of Besitter van my lewe is.
Amen